

JJ en RSG

Garden World's JJ van Rensburg met Derrich Gardner

Luister graag elke Saterdag oggend op RSG na JJ met Derrich Gardener

5 -6 - 2010

Alhoewel dit lekker koud is in die die aande, is dit eintlik ongelooflik lekker om deur die dae buite te werk in die lekker sonnetjie wat nie nou te warm is nie. Ek het deur die week 'n man gehad wat vir my kom sê het sy plante is besig om te vrek. Toe ek hom vra wat gaan aan, wat bedoel hy het hy gese sy bome verloor nou hulle blare. Min wetend dis winter! Plante gaan nou hulle blare verloor en begin dormant word. Dis ook hierdie tyd van die jaar wat die plante stadiger groei en afhard. Gister toe vra ek 'n kind van ongeveer 10 jaar hoe oud dink hy is hierdie spesifieke boom toe sê hy dis eintlik baie maklik. Ons kan die boom maklik afsny en die boom ringe tel. Ja hy is reg want dit is nou wat die donker streep, op die boomring vorm, so daai donker strepe wys eintlik vir 'n mens hoeveel winters die boom deurgemaak het.

Saam met die eerste saailinge wat jy geplant het, gaan jy ook geweldig baie onkruide kry wat nou tussen die bolle en saailinge gaan opkom al is dit winter. Maak seker dat jy 'n klein hand vurkie of hand harkie gebruik om die onkruide uit te haal voordat dit behoorlik wortel skiet.

So gepraat van bolle. Maak seker dat jy nou al die lente bolle in die grond kry want die lelie bolle gaan nou binnekort op die rakke wees. As jy solank die beddings wil voorberei vir jou lelies kan jy so maak. Soek 'n geskikte bedding met halfdag tot voldag son. Spit lekker baie kompos in en maak seker dat die dreinering goed is. As jy sukkel met swak dreinering moet jy baie riviersand of fyn bas en nog meer kompos ook insit. 'n Handvol beenmeel of superfosfaat is altyd raadsaam om ook by te strooi en bolangs in te werk.

'n Ander tipe plant wat nou ook aandag moet begin kry is die Kamelikas en Azaleas. Hulle gaan nou binnekort blom so hulle begin nou al blomme vorm. Wat ons kan doe nom die blomme te verbeter is om die plante 'n lekker deklaag met suurkompos te gee, veral as dit in potte is. As die grond om die plante habrd en droog is moet 'n mens die gbrond effens los maak om die kors te breek. Saam met die suur kompos kan jy ook ongeveer 'n halwe koppie 3:1:5 bygooi. As jy nog nooit sukses gehad het met jou Azaleas nie moet jy 'n klein bietjie ysterchelat om die plante strooi en dit in water. Die resultate is asemrowend en jou plante blom onophoudend. Vir die ouens wat nie seker is hoe om te snoei nie, waty om te snoei nie of selfs sy tuinier wil bring vir 'n snoei demonstrasie, ons het weer 'n gratis roos snoei demonstrasie by Garden World op die 20 ste Junie en 'n algemene snoei demonstrasie op die 27ste Junie.

tuis&home
EFEKTO For Life